



Die Voortrekkers

Die Voortrekkers Transvaal

Nooi jou amptelik uit na Voriesaamtrek 2018!

By Hartbeesfontein vanaf 12 – 14 Januarie 2018
(Dit is die naweek VOOR die skole open!)

Kom kuier, leer en deel saam met ons, en kry nuwe motivering en idees vir die jaar wat voorlê.

Die kamp begin op Vrydagaand 12 Januarie 2018 (Registrasie is vanaf 17:00) en sal voor middagete op 14 Januarie klaarmaak.

Inskrywingsvorme vir volwassenes en kinders is op die webblad beskikbaar. Die vorms kan ook elektronies ingevul word en aan Izelle per e-pos gestuur word na transvaal@voortrekkers.org.za. Die koste vir die kamp is **R350** vir volwassenes en **R250** vir skoolgaande kinders. **Skryf voor 31 Desember 2017 in vir Voriesaamtrek 2018, en kry R50 afslag** per inskrywing! Besonderhede vir betaling is op die inskrywingsvorm beskikbaar. Sluitingsdatum vir inskrywings is **5 Januarie 2018**.

Gades en kinders is baie welkom, maar onderhewig aan al die kamp reëls. Daar is ongelukkig nie gesinskamers beskikbaar nie en gesinne wie saam wil slaap, moet asseblief eie verblyf voorsien.

Onthou die volgende: Bring jou eie kampstoel, slaapsak & kussing, bordesak met eetgerei saam. Lees gerus die **FAQ-vrae** oor die Voriesaamtrek op die webblad.

Nuwe volwassenes doen asb die Intree Kursus aanlyn E-Leer voor die tyd, daar sal geleentheid gegee word vir vrae en antwoorde tydens die Spanhanteringskursus.

Tipe	Kursus / Sessie	Beskrywing
Toerustings-kursusse	Spanhantering vir Penkoppe en Drawwertjie Offisiere	Dit is nodig dat volwassenes wat met 'n Penkoppe en Drawwertjies verstaan watter uitdagings daar is in die hantering van die span. Kom gesels saam oor die uitdagings en leer wat die Voortrekkers van jou verwag. Hierdie kursus is 'n MOET vir nuwe offisier, maar ook vir ervare offisiere wat meer wil leer oor PD's.

Tipe	Kursus / Sessie	Beskrywing
Toerustingskursusse	Spanhantering vir Verkenner Offisiere	Volwasseenes wat met Verkennerspanne werk het unieke uitdagings. Kom leer wat van jou verwag word en wat die werk met Verkennerspanne behels. Hierdie kursus is 'n MOET vir nuwe offisiere, maar ervare offisiere wat meer wil leer oor Verkenners is ook welkom. (Dit is 'n volwaardige Spanhantering kursus)
	Voortrekkerbestuur	Die kommando het jou nodig, leer hoe om jou kommando meer doelmatig te bestuur. 'n Moet vir nuwe en toekomstige leiers en dagbesture in die Voortrekkers.
	JOP 1	'n Program wat jongmense (en ander volwasseenes) help om hulleself beter te leer ken en om te verstaan waar hulle inpas en hoe hulle 'n verskil kan maak.
Verrykingskursusse	Fotografie vir Bemaking	Die kursus gaan jou toerus met die nodige kennis om jou kamera te verstaan, en tegnieke aan te leer wat nodig is om goeie foto's te kan neem. Daar is ook 'n bemakingsaanslag en jy gaan leer wat om met die foto te doen nadat jy hom geneem het (die plasing daarvan op sosiale media, bou van "slideshows" ens)
	Wynkennis	Hierdie kursus word deur 'n wynkenner aangebied en sluit onder meer in die geskiedenis van wyn, basiese beginsels van wyproe en proe-style, wynmaak prosesse en tegnieke, kos en wyn passing en die bedieningsetiket en wynveroudering. Kom proe en gesels saam! <i>(Let asb daarop dat hierdie kursus die proe van wyn insluit en daarom 'n addisionele bedrag van R200 gaan kos en ook beperk is tot 25 studente)</i>
Werkswinkels	Werkswinkel vir Tvl Gebiedsbestuur en Gebiedskamp kampeiers	Hierdie werkswinkel is spesifiek vir lede van die Gebiedsbestuur en die kampeiers van Gebiedskampe.
	Werkswinkel vir Administrasie / SAS	Het jy te doen het met administrasie en SAS binne jou kommando, oord of kamp? Kom leer meer van die administratiewe bestuur (en die werking van SAS) binne die Voortrekkers.
	Werkswinkel vir Span Offisiere	Vir diegene wat reeds spanhantering gedoen het, en net verfrissing nodig het. Kom gesels en deel saam. Ons gaan praat oor GGA/GGN beplanning, kreatiewe idees vir lesplanne, voorbereiding vir voorslag en PV en kreatiewe spanaktiwiteite soos spankampe en seremonies. Kom deel jou idees en kry nuwes! Daar gaan sessies saam aangebied word